

5 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 16:6-15

Die evangelie gaan weswaarts

Driemaal is Paulus-hulle in 'n ander rigting gelei as wat hulle beplan het.

* Eers verhinder die Heilige Gees hulle om na die provinsie Asië te gaan.

* Dan laat Hy hulle weer nie toe om na Bitinië te reis nie.

* Deur 'n nagtelike gesig raak Paulus oortuig dat God hulle roep om die evangelie in Europa te gaan verkondig (vers 10).

Ons sien hier dat die Here met sy Gees in beheer van die sending is. As 'n mens die Here dien, moet jy Hom volg en nie jou eie mooi en goeie planne wil deurvoer nie. Só werk die Heilige Gees ook met ons. Die Gees verhinder en oortuig. Is ek en jy ontvanklik vir hierdie leiding van die Gees?

Die eerste stad in Europa waar Paulus die evangelie verkondig, is Filippi. Dit gebeur buite die stadspoorte by die rivier. Lidia, 'n ryk sakevrou, kom deur Paulus se prediking tot geloof en sy word gedoop. So word 'n vrou die eerste bekeerling in Europa. Ook haar huisgesin word gedoop. Wie is dit almal? Almal wat deel van haar huis uitmaak, dit wil sê slawe en kinders. Dit is tekste soos hierdie en byvoorbeeld ook Handeling 16:33 wat Gereformeerdes nog altyd sterk ten gunste van die kinderdoop standpunt laat inneem. As God die ouers by sy genadeverbond betrek, dan deel die kinders ook daarin. God gee die geloof, maar Hy gee dit langs die weg van die Woord wat gepreek word en waarna daar geluister moet word. Laasgenoemde stel ons voor ons verantwoordelikheid. Ons mag nie werkloos gaan sit en wag tot die Here die geloof wil gee aan ons kinders of aan die heidene nie. Ons moet die Woord uitdra en aandagtig daarna luister. Dwarsdeur al hierdie menslike aktiwiteite heen wil God die wonder bewerk dat 'n mens se hart oopgaan vir Jesus Christus en vol word van geloof en blydschap.

Sing: Psalm 105:5

Prof F Denkema (Potchefstroom)